



REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
VRAESTEL 2

PUNTE: 125

TYD: 2½ UUR

EKSAMINATOR: MEJ. T VAN DER WALT
MODERATORE: ME. A DIXON EN E LAMBRECHTS

INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

LEES HIERDIE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR VOORDAT JY MET DIE EKSAMEN BEGIN.

1. Skryf die volgende aan die bokant van die eerste folio wat jy gebruik.

Jou naam en van

November 2013

Rekenaartoeëpassingstegnologie

Toelatingsnommer

GRAAD 10 ...

2. Laat **vier reëls** oop na bogemelde opskrifte en trek 'n horisontale lyn daarna.
3. Trek 'n vertikale lyn een sentimeter vanaf die regterkant van jou folio op elke bladsy wat jy gebruik.
4. Begin elke vraag, behalwe vraag 1 en 2 op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer die antwoorde presies soos op die toets. Moenie nommers uitlaat as jy nie die antwoord ken nie. Laat 'n blanko spasie daarna.
6. Skryf netjies en leesbaar. Dit is tot jou eie voordeel.
7. **LEES DIE VRAE BAIE NOUKEURIG VOORDAT JY DIT BEANTWOORD. MAAK SEKER WAT PRESIES VAN JOU GEVRA WORD.**

AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs die *nommer* van elke vraag en langsaan die enkele hoofletter wat die beste antwoord verteenwoordig, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende lêeruitbreidings word met 'n grafikalêer geassosieer?
- A. .wmv
 - B. .wav
 - C. .gif
 - D. .zip

(1)

- 1.2 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van apparatuur nie? (1)
- A. Skandeerder
 - B. Soekenjin
 - C. Moederbord
 - D. SVE
- 1.3 Watter een van die volgende webtuistes pas nie in die lys hierna nie? (1)
- A. My Space
 - B. Twitter
 - C. Amazon
 - D. Facebook
- 1.4 Watter een van die volgende is die mees geskikte soort grafiek om te wys hoe die petrolprys oor die afgelope 10 jaar gestyg het? (1)
- A. Lyngrafiek
 - B. Areagrafiëk
 - C. *Scatter*-grafiek
 - D. Sirkelgrafiek (*Pie chart*)
- 1.5 'n Groep geïnfekteerde rekenaars wat deur middel van 'n netwerk soos die Internet verbind is en op 'n afstand beheer word om ander netwerke aan te val, staan bekend as 'n... (1)
- A. *Trojan*
 - B. *Botnet*
 - C. *Worm*
 - D. *Cracker*
- 1.6 Watter een van die volgende verwys na die 'beskrywing' wat verskyn wanneer jy met die muis se wyser op 'n objek in 'n program rus? (1)
- A. GUI
 - B. Tooltip
 - C. Kortpad
 - D. Ribbon
- 1.7 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'n webblaaier nie? (1)
- A. Internet Explorer
 - B. Google Chrome
 - C. Flash
 - D. Mozilla Firefox

- 1.8 Watter een van die volgende is die beste voorbeeld van 'n goeie of sterk ('strong') wagwoord?
- A. 0826517843
 - B. Mary
 - C. QwertyUIOPas
 - D. Q@p7Y4\$_gT8 (1)
- 1.9 Watter een van die volgende rangskik die bergingskapasiteit van kleinste tot grootste?
- A. MB, TB, GB
 - B. KB, GB, TB
 - C. TB, MB, GB
 - D. KB, TB, MB (1)
- 1.10 Watter een van die volgende stel die vier basiese dele van die Inligtingsverwerkingsiklus voor?
- A. Toevoer, Afvoer, Stoor, Herwinning
 - B. Toevoer, Stoor, Programmering, Kommunikasie
 - C. Toevoer, Verwerking, Afvoer, Stoor
 - D. Toevoer, Programmering, Stoor, Herwinning (1)

[10]

Vraag 2

Sê of jy dink elk van die volgende stellings is WAAR of ONWAAR. As jy dink die stelling is ONWAAR, moet jy ook die stelling oorskryf deur NET die sleutelterm (wat onderstreep is) te verander, om die stelling waar te maak.

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar - 'n Drukker is 'n voorbeeld van **apparaatuur**.

- 2.1 ALT+F2 is die kortpadsleutel om die hele inhoud van 'n *Word*-dokument te selekteer.
- 2.2 Data is items of feite wat verwerk moet word om dit in inligting om te skakel.
- 2.3 Moderne hardeskywe se kapasiteit of grootte word in terme van MB gemeet.

[5]

Vraag 3

Skryf in die linkerkantlyn van jou bladsy slegs *die nommer van die vraag in kolom A*, en langsaan die gepaste *hoofletter* van kolom B, byvoorbeeld 3.11 K.

| Kolom A | Kolom B |
|--|---------|
| 3.1 'n Maatskappy wat Internetkonnektiwiteit en ander verwante dienste aan sy kliënte bied | A. Esc |
| 3.2 Sleutel op die sleutelbord waarmee daar in die meeste programme toegang tot die help-funksie verkry kan word | B. CC |
| 3.3 'n Kategorie van programmatuur wat gebruik word om professionele publikasies soos tydskrifte te produseer | C. PDF |
| 3.4 'n Veld waar e-posadresse geplaas word sodat hulle nie deur ander ontvangers van die e-pos gesien kan word nie | D. GUI |
| 3.5 Die adres van 'n webblad of ander inligtingsbron op die Internet | E. ISP |
| 3.6 'n Lêerformaat wat dikwels gebruik word om dokumentlêers te versprei omdat dit nie vereis dat die program waarin dit geskep is geïnstalleer moet wees om dit te lees nie | F. DTP |
| 3.7 Die soort visuele koppelvlak wat in alle moderne programmatuur gebruik word | G. CPU |
| 3.8 'n Lys van antwoorde op vrae oor 'n besondere onderwerp wat gebruikers dikwels vra | H. HTML |
| 3.9 Soort kabel wat algemeen gebruik word om apparatuur in 'n netwerk te koppel | I. UTP |
| 3.10 Die taal wat gebruik word om webblaaie te skep | J. RFID |

[10]

AFDELING B


Vraag 4

- 4.1 Jou ma wil 'n rekenaar aankoop. Sy het die spesifikasies vanaf 'n advertensie van een van die rekenaars wat sy in 'n rekenaarwinkel gesien het, neergeskryf:

| |
|--------------------------------|
| 2 X USB 3.0 , 2 x USB 2.0 |
| 1023 MB NVIDIA GeForce GT 630M |
| Intel Core i72 2.4 GHz |
| 8 GB DDR3 RAM |
| Windows 8 |
| 15.6" (1980 x 1080) |
| Office 365 |
| Avast! Free Antivirus 8 |
| Touchpad |
| 2 X USB 3.0 , 2 x USB 2.0 |
| DVD-RW Drive |
| 3 year onsite warranty |

- 4.1.1 Wat is die spoed van hierdie rekenaar se SVE? (1)
- 4.1.2 Hoeveel geheue het hierdie rekenaar? (1)
- 4.1.3 Watter belangrike komponent se spesifikasies kom nie in hierdie lys voor nie? (1)
- 4.1.4 Skryf neer na watter komponent die 15.6" en 1980 x 1080-spesifikasies verwys. Gee ook 'n kort verduideliking wat met hierdie spesifikasies bedoel word. (3)
- 4.1.5 Twee spesifikasies dui daarop dat hierdie rekenaar 'n draagbare rekenaar is en nie 'n tafelrekenaar nie. Noem hierdie TWEE komponente en beskryf kortliks hoekom hulle vir jou aandui dat hierdie 'n draagbare rekenaar is. (2)
- 4.1.6 Avast! Free Antivirus 8 is 'n voorbeeld van *freeware*. Gee TWEE voordele van *freeware* bo *shareware*. (2)
- 4.1.7 Hierdie rekenaar het nie 'n Blu-ray-aandrywer nie. Wat is die hoofvoordeel van Blu-ray bo ander DVD-formate? (1)
- 4.2 Een van die eerste dinge wat 'n nuwe gebruiker moet leer is om van die *regsklik-opsie* in programme gebruik te maak. Verduidelik kortliks waarna hierdie stelling verwys. Beskryf ook wat gewoonlik gebeur wanneer mens regsklik. (2)
- 4.3 By verstek word lêeruitbreidings nie in (Windows) Explorer getoon nie, aangesien gebruikers die lêeruitbreiding per ongeluk kan uitvee of verander. Verduidelik kortliks wat 'n lêeruitbreiding is en watter probleem kan ontstaan as die lêeruitbreiding verander word. (2)

- 4.4 Die program waarmee jy besig was om te werk het gestaak en die volgende foutboodskap opgelewer:



Beskryf watter stappe jy moet neem om hierdie foutboodskap via e-pos na die programmatuurvervaardiger te stuur sonder om die hele foutboodskap oor te tik. (2)

- 4.5 Jou pa het die volgende lêer ontvang:



4.5.1 Gee die algemene rede waarom mense lêers in hierdie formaat stuur. (1)

4.5.2 Verduidelik wat jou pa moet doen om met die lêer wat binne Manual.zip is te kan werk. (1)

- 4.6 Verduidelik kortliks wat 'n drukkertou (*printer queue*) is en gee EEN tipiese aksie wat mens op 'n drukkertou kan uitvoer. (2)

[21]

Vraag 5

5.1 Wat is die vernaamste vraag wat jy moet vra as jy 'n keuse tussen 'n ADSL- en 'n 3G/4G-Internetkonneksie moet maak? (1)

5.2 'n *Switch* is belangrik in enige netwerk.
Verduidelik wat 'n switch is en watter rol dit in die werking van 'n netwerk speel. (2)

5.3 Jy is na die volgende webtuiste verwys: *www.anglia.ac.uk*
Wat word deur die *.ac.uk*-deel van die webadres aangedui? (2)

5.4 Die gebruik van 'n soekenjin se *advanced* soek-opsies kan minder, maar meer relevante trefslae ('hits') tot gevolg hê.

5.4.1 Verduidelik wat 'n trefslag of *hit* is in die konteks van 'n webblaaier. (1)

5.4.2 Gee TWEE tipiese voorbeelde van *advanced* soek-opsies wat in webblaaiers gebruik kan word. (2)

- 5.5 Meer mense maak van Instant Messaging (*IM*)-dienste soos WhatsApp gebruik as van *e-pos*. Boonop maak die mense wat *e-pos* gebruik, toenemend gebruik van webgebaseerde *e-pos*dienste soos Gmail.
- 5.5.1 Wat is die vernaamste verskil tussen Instant Messaging (*IM*)-dienste en *e-pos*? (1)
- 5.5.2 Watter maatskappy bied die Gmail-diens aan? (1)
- 5.5.3 Gee EEN potensiële voordeel van die gebruik van webgebaseerde *e-pos*dienste, behalwe enige potensiële kostebesparing. (1)
- 5.5.4 Wat is die betekenis van die voorvoegsel RE: wanneer dit gebruik word in die onderwerpreël van 'n *e-pos* bv. RE: Data 2013? (1)
- 5.6 Terwyl jy 'n Facebook-blad oopmaak sien jy die boodskap:
"You need to install the Adobe Flash plug-in to view the content on this page."
 Verduidelik wat hierdie boodskap beteken deur na die konsep van 'n *plug-in* te verwys. (2)
- [14]**

Vraag 6

Die blote volume van bronne data wat in die inligtingseeu beskikbaar is het voordele en nadele.

- 6.1 Baie universiteite verbied hul studente om Wikipedia as 'n inligtingsbron te gebruik. Verduidelik hoekom dit die geval is deur te verduidelik wat 'n *wiki* is. (2)
- 6.2 Gee TWEE potensiële voordele van die verkryging van inligting aanlyn soos van die Internet af, in teenstelling met die gebruik van gedrukte materiaal soos boeke. Let op dat jou antwoord enigiets wat verband hou met die spoed waarmee die bronne opgesoek kan word moet uitsluit. (2)
- 6.3 Vraelyste kan gebruik word om inligting oor mense se idees en menings oor verskeie sake te kry. Gee TWEE wenke oor die voorbereiding van 'n vraelys. Let daarop dat jou antwoord enigiets wat met die inhoud van die vrae self verband hou, moet uitsluit. (2)
- 6.4 Gee TWEE algemene eienskappe van sigblaaie wat hulle baie nuttige hulpmiddele maak om data mee te ontleed. (2)
- 6.5 Ongelukkig is baie eindgebruikers goed met die bymeekaarmaak van inligting van die Internet af, maar heeltemal onkundig oor sake soos plagiaat. Verduidelik wat plagiaat is. (2)
- [10]**

Vraag 7

- 7.1 Ergonomie is belangrik op verskeie gebiede, van die motornywerheid tot die rekenaar-nywerheid.
- 7.1.1 Verduidelik kortliks wat ergonomie is. (1)
- 7.1.2 Noem EEN (ergonomiese) eienskap van 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord. (1)
- 7.2 Gee TWEE algemene gesondheidswenke om in gedagte te hou wanneer 'n rekenaar gebruik word. (Dit sluit enige ergonomies verwante sake betreffende die ontwerp van apparatuur uit.) (2)
- 7.3 Noem TWEE maniere waarop 'n rekenaargebruiker tot '*green computing*' kan bydra. (2)
- 7.4 Onderzoek die volgende e-pos en antwoord die vrae wat volg:

From: Empire Bank [mailto:john@empirebank.co.za]
Sent: 17 May 02:38 PM
To: Sib_u_100@gmail.com
Subject: Empire Bank Verification - Sib_u_100@gmail.com

Dear valued Empire Bank Member,

This e-mail was sent by the Empire Bank server to verify your e-mail address. You must complete this process by clicking on the link below and entering in the small window your Empire Bank and Password.

This is done for your protection - because some of our members no longer have access to their email addresses and we must verify it. To verify your e-mail address and access your bank account, click on the link below:

[Click here to update your data](#)

- 7.4.1 Watter algemene naam word aan hierdie soort bedrogspul gegee? (1)
- 7.4.2 Motiveer waarom mens nie op die hiperskakel onderaan die e-pos behoort te klik nie, deur te verduidelik wat waarskynlik sal gebeur as jy dit wel doen. (2)
- 7.5 Gebruikers word aangeraai om die webadres van hul e-bankwebtuiste in hul webblaaier in te tik, eerder as om op 'n hiperskakel te klik.
Verduidelik kortliks hoekom hierdie aksie geen verskil sou maak as jy 'n slagoffer van *pharming* was nie. (2)

[11]

Vraag 8

- 8.1 Jou suster moet 'n Curriculum Vitae (CV) vir 'n werksaansoek opstel, maar sy is nie seker waar om te begin nie.
Verduidelik waarom die gebruik van 'n *templa*t haar sal help deur te verduidelik wat die funksie van 'n templa is. (2)

- 8.2 Jou ma se firma het 'n tak in Mthatha. Sy moet dikwels die woord *Mthatha* in haar woordverwerkingsdokumente tik.
 Sy kla dat sy die woordverwerker elke keer moet aansê om dit as 'n potensiële spelfout te ignoreer.
 Gee die oplossing vir hierdie probleem sodat dit nie weer sal gebeur nie. (1)
- 8.3 Waarom is die *Format Painter* so nuttig? (1)
- 8.4 Verduidelik wat dit beteken om teks in 'n woordverwerkingsdokument in te keep ('indent'), en hoe dit verskil van die verandering van die kantlyne. (2)
- 8.5 'n Sigblad is opgestel om die aantal dae wat 'n werknemer vir 'n maatskappy werk te bepaal:

| | A | B | C | D | E |
|---|-----------|--------|----------------|------------------|---------------|
| | Surname / | Name / | Current Date / | Date Appointed / | Days Worked / |
| 1 | Van | Naam | Huidige Datum | Datum Aangestel | Dae Gewerk |
| 2 | Smith | Devon | 2013-11-21 | 2008-08-14 | 1925 |

- 8.5.1 Noem die teksformateringsopsie wat gebruik is om die opskrifte in die selle in ry 1 oor twee reëls te laat vertoon soos aangedui. (1)
- 8.5.2 Die formule in sel **E2** bereken die aantal dae wat die werknemer gewerk het korrek.
 Herskryf die formule om te bereken hoeveel jaar die werknemer gewerk het.
 Dit maak nie saak as desimale waardes in die antwoord voorkom nie. (3)

[10]

AFDELING C – Geïntegreerde Scenario

Let op:

Vrae 9 en 10 is albei gebaseer op dieselfde scenario soos hieronder beskryf.

Lees asb. hierdie scenario voordat jy vrae 9 en 10 aanpak.

Scenario:

Jou RTT-onderwyser, mnr. Bolt, wat ook die skool se atletiekafrigter is, is gevra om die administrasie vir die intersone-atletiekbyeenkoms by die plaaslike atletiekstadium te behartig. Voorheen is al hierdie administrasie met die hand gedoen. Die administrasie sal die registrasie van atlete vir die byeenkoms, en die vaslegging en verwerking van die uitslae op die dag van die intersone-atletiekbyeenkoms insluit. Twee lokale is vir 'n rekenaarnetwerk by die atletiekbaan beskikbaar gemaak.

Vraag 9

- 9.1 Gee TWEE algemene voordele, anders as enige koste-voordele, van die *rekenarisering* van die administrasie van hierdie atletiekbyeenkoms in teenstelling met die oorspronklike 'met-die-hand'-benadering.
Moenie spesifieke voorbeelde in jou antwoord gee nie, maar eerder algemene, breë voordele. (2)

- 9.2. 'n Skandeerder is aangekoop om met die administrasie te help.
Mnr. Bolt vind dat die koppeling en installasie van die skandeerder aan 'n rekenaar by die skool maklik was omdat dit 'n *'plug-and-play'*-taak was. Daarteenoor, wanneer hy probeer om die skandeerder aan sy skootrekenaar tuis te konnekteer, vra die rekenaar vir 'n *'driver'*.
- 9.2.1 Verduidelik wat 'n *'driver'* is en watter rol dit in die werking van 'n rekenaar speel. (2)
- 9.2.2 Verduidelik waarom dit maklik is om *plug-and-play*-versoenbare apparatuur te installeer. (1)
- 9.2.3 Gee TWEE maniere of spesifieke plekke waar mens 'n *'driver'* kan kry as die rekenaar vir een vra. (2)
- 9.3 Van die ouer dokumentasie op hardekopie is steeds van toepassing en die skandeerder moet gebruik word om hierdie dokumente te skandeer.
- 9.3.1 Verduidelik wat die verskil tussen *hardekopie* en *sagtekopie* is. (2)
- 9.3.2 Aan watter poort op 'n rekenaar sal die skandeerder hoogs waarskynlik gekonnekteer word? (1)
- 9.3.3 Hoekom sal OCR-programmatuur gebruik moet word nadat die dokumente geskandeer is? (1)
- 9.4 'n Drukker moet op die dag van die atletiekbyeenkoms gebruik word. Die skool het toegang tot 'n *inkspuitdrukker*, 'n monochroom *laserdrukker* en 'n *multifunksiedrukker*.
- 9.4.1 Watter van hierdie drukkers sal jy gebruik om kleurgrafika van hoë gehalte op sertifikate te druk? (1)
- 9.4.2 Watter van hierdie drukkers sal jy gebruik as jy vinnig 200 kopieë van die program in *draft*-modus moet druk? (1)
- 9.4.3 Noem EEN ander funksie van die multifunksiedrukker (behalwe drukwerk) wat jy moontlik op die dag van die atletiekbyeenkoms sal gebruik.
Motiveer jou keuse deur na 'n praktiese voorbeeld te verwys waarvoor jy hierdie funksie in hierdie konteks sou gebruik. (1)
- 9.5 Mnr. Bolt sal 'n netwerk moet opstel in die twee lokale wat vir 'n rekenaarnetwerk by die atletiekbaan beskikbaar gemaak is. Hy sal sy skootrekenaar, twee ander rekenaars, 'n drucker en 'n skandeerder in die netwerk konnekteer. Sy skootrekenaar sal as lêerbediener gebruik word.
- 9.5.1 Gee TWEE voordele wat die koppeling van die toestelle in 'n netwerk inhou vir die behartiging van die administrasie op die dag van die atletiekbyeenkoms. (2)
- 9.5.2 Kan mnr. Bolt sy wettige kopie van Microsoft Office 2013 op al die rekenaars installeer?
Motiveer kortliks jou antwoord.
Let op dat jy nie punte vir 'n blote 'ja' of 'nee' sonder motivering sal kry nie. (2)

[18]

Vraag 10

10.1 Microsoft Office kantoorpakkette is wettig op al die rekenaars in die netwerk by die atletiekbaan geïnstalleer. Dit sal gebruik word om die dag se uitslae vas te lê en te verwerk. Iemand het voorgestel dat hulle ook 'n oopbronskantoorpakket soos LibreOffice kon gebruik het.

10.1.1 Wat is die hoofvoordeel vir eindgebruikers van die gebruik van oopbron-programmatuur soos LibreOffice? (1)

10.1.2 Gee TWEE potensiële nadele van die gebruik oopbronprogrammatuur in die algemeen. (2)

10.1.3 Gee TWEE voordele van die gebruik van 'n kantoorpakket teenoor afsonderlike individuele programme. (Dit sluit enige antwoord oor potensiële kostebesparings uit.) (2)

10.2 'n Span helpers sal die baan- en velduitslae op hul slimfone registreer en vir die administrasiepersoneel in die lokaal met die netwerk bring.

10.2.1 Wat maak 'n slimfoon 'slim' in vergelyking met 'n 'normale selfoon'?
Moenie enige apparatuurverwante sake as jou antwoord noem nie. (1)

10.2.2 Gee TWEE maniere waarop die uitslae wat op die slimfone vasgelê is na die netwerk oorgedra kan word sonder om die uitslae per hand in te voer. (2)

10.3 Een van die assistente het hierdie tabel in 'n woordverwerkingsdokument geskep om die gemiddelde tyd van die deelnemers in die seuns 100 meterresies te bereken.

| 100 m Seuns | | |
|----------------|-----------------------|-------|
| Naam | Skool | Tyd |
| Mtelele Sapuka | Xela Senior Secondary | 11.8 |
| Steve Coe | Sunridge H/S | 12.2 |
| Jerry Ramanth | Blue Horizon H/S | 11.6 |
| Devon Maart | John Graham H/S | 11.7 |
| | Gemiddeld | 11.83 |

Gee TWEE redes wat met die uitvoer van berekeninge te doen het, waarom dit beter sou wees om 'n sigblad vir hierdie soort verwerking te gebruik as 'n tabel in 'n woordverwerkingsdokument. (2)

10.4 Die komitee wil graag hê dat mense wat nie die byeenkoms kan bywoon nie, die resultate en foto's van die atletiekbyeenkoms so gou as moontlik op die dag van die byeenkoms moet kan sien.

Noem DRIE elektroniese kommunikasiemetodes wat gebruik kan word om dit reg te kry. (3)

10.5 Een van die nadele van die gebruik van 'n netwerk is die feit dat dit rampspoedig kan wees as die data op die lêerbediener verlore raak!

Een van die organiseerders sê dat hy seker is dat kwaadwillige programmatuur soos virusse nie 'n probleem sal wees nie omdat hulle nie aan die Internet gaan konnekteer nie.

10.5.1 Gee EEN rede waarom data verlore kan raak behalwe as gevolg van kwaadwillige programmatuur soos virusse. (1)

10.5.2 Gee EEN rede hoekom dit nie 'n goeie idee is om die data op die bediener te rugsteun (*backup*) deur dit net in 'n ander lêergids op dieselfde bediener te kopieer nie? (1)

10.5.3 Lewer kritiese kommentaar op die stelling by die organiseerder dat “kwaadwillige programmatuur soos virusse nie 'n probleem sal wees nie omdat hulle nie aan die Internet gaan konnekteer nie”. (1)

[16]

TOTAAL: 125